**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

## Afrikaans Huistaal

## Graad 12 Vraestel 1

Cecilia Klopper
0828720039

**Punte**: 70
**Tyd:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

**Instruksies en inligting**

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings

   | | |
   |---|---|
   | Afdeling A: Leesbegrip | (30) |
   | Afdeling B: Opsomming | (10) |
   | Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees alle instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling
   Afdeling A: 50 minute
   Afdeling B: 30 minute
   Afdeling C: 40 minute
10. Skryf netjies en leesbaar.

**Afdeling A**: Leesbegrip
**Vraag 1**

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Teks A: Tydskrifartikel**

# ERGER AS SIGARETTE ...

Die Universiteit van Kaapstad het onlangs 'n studie gedoen oor die afmetings van damprook by skoolkinders. Daar is bevind dat ongeveer 30% van matriekleerlinge in 52 skole in Suid-Afrika aktief damprook. Twee en vyftigduisend leerlinge is ondervra. Resultate is onlangs in die vaktydskrif *The Lancet eClinicalMedicine* gepubliseer.

In die studie is vasgestel dat 16,8% van die kinders wat ondervra is, die voorafgaande 30 dae gedamprook het. Van hulle, was 29% in matriek. In sommige gevalle damprook 45% van die matrieks. Daarenteen rook 5% van die leerlinge dagga, 2% sigarette en 3% waterpype.

Omdat nikotiengebruik in die tienerjare kinders se breinontwikkeling kan belemmer, is dit kommerwekkend. Ongeveer 40–50% van die leerders wat damprook, is waarskynlik verslaaf aan nikotien. Baie van hulle het onttrekkingsimptome gerapporteer, soos die behoefte om te damprook onmiddellik nadat hulle wakker geword het.

Volgens prof Richard van Zyl-Smit, 'n longspesialis by die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad, kan nikotien 'n ontwikkelende brein beskadig met langtermyngevolge vir die geheue, aandagspan en leer. Dit skep ook die gevaar vir oorskakeling na konvensionele sigaretrook.

Bogenoemde studie het vasgestel dat tieners rook weens sosiale druk, nuuskierigheid en om spanning te verlig.

Prof Andrew Huberman, 'n neurowetenskaplike by die Stanford-Universiteit in die VSA, is bekommerd oor 'n praktyk wat die dopamienstelsel aktiveer volgens dieselfde kinetika wat 'n mens sien met die inname van kokaïenkristalle, wat mag lei tot die beskadiging van die brein se beloningsnetwerk. Hy waarsku dat die neuro-oordraer, dopamien, vinniger vrygestel word wanneer jy teug aan jou

damprooktoestel as wanneer jy gewone sigarette rook. Later het jy meer teue nodig, omdat jou brein se beloningsnetwerk gewoond raak aan die hoeveelheid.

Volgens Van Zyl-Smit het damprook sedert 2016 met 900% toegeneem. Tieners begin op ongeveer 14 damprook.

Volgens vaperite.co.za is 18 die wettige ouderdom om damprookprodukte te koop, maar Suid-Afrika se tabakbeheerbeleid reguleer nie die damprook effektief nie. Daarom is daar baie skuiwergate wat deur die tabakbedryf benut word. Damprookwinkels en aanlyn handelaars versuim dikwels om ouderdomme te verifieer, wat toegang vir minderjariges vergemaklik.

Die 2023-Big Tobacco Tiny Targets- Suid-Afrikaanse studie wat deur SATFYF gedoen is, het aan die lig gebring dat tabakprodukte doelgerig vertoon, bemark en verkoop word om kinders te lok. Die organisasie het alle handelaars in 'n radius van 300 meter rondom hoër- en laerskole in Kaapstad, Johannesburg, Pietermaritzburg, Durban en Stellenbosch bestudeer. Hulle het gevind dat 45,2% daarvan spazawinkels en kruidenierswarewinkels is. Kinders het dus vrye toegang tot hierdie produkte wat op ooghoogte uitgestal word.

KANSA waarsku jongmense, hul ouers en onderwysers dat damprook nie 'n veilige opsie vir jongmense is nie, omdat dit nikotienverslawing, longskade en 'n verhoogde waarskynlikheid om na die gebruik van tradisionele tabakprodukte te beweeg inhou. Dit skep 'n nuwe generasie nikotien-afhanklike individue met oënskynlik onskuldige, gegeurde damprookprodukte en stylvolle, tegnologie-geïnspireerde ontwerpe wat jong verbruikers teiken.

Nikotienverslawing onder adolessente word gekoppel aan kognitiewe inkorting, verhoogde angs en 'n verhoogde risiko van rookverwante siektes wat later in die lewe kan ontwikkel.

KANSA se voorgestelde oplossings behels strenger regulasies, anti-damprookveldtogte deur skole, gemeenskapsleiers en ouers, asook sosiale media-aanspreeklikheid. Hulle bied ook 'n gratis aanlyn rookstaak-ondersteuningsprogram aan wat leiding, mentorskap en praktiese hulpmiddels verskaf om rokers te help om permanent op te hou rook.

**Bron**: Verwerk uit Netwerk24

**Teks B: Visuele teks**

# Só damprook leerders by skole

Matrieks wat damprook = 30%



Matrieks wat binne die afgelope 30 dae gedamprook het = 16,8%



Leerders wat verslaaf is aan nikotien en onttrekkingsimptome kry = 40–60%



**Minder gegoede leerders damprook meer as welaf leerders.**

**By skole waar die skoolgelde minder is as R40 000, rook 19,5% van die leerders. Daarenteen rook 14,6% van die leerders by die skole waar die skoolgelde meer as R90 000 per jaar is.**




**Die skadelike gevolge van nikotienverslawing op kinders**

- Nikotien is ’n hoogs verslawende stimulant.
- Nikotiengebruik belemmer breinontwikkeling.
- Dit het moontlike langtermyngevolge vir leer, geheue en aandagspan.
- Dit verhoog die gevaar van oorskakeling na gewone sigaretrook.

**Bronne**: *The Lancet* (29 November 2024)
Geïnspireer deur Netwerk24-grafika

**Vrae: Teks A**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Is die volgende stelling ’n **feit** of ’n **mening**? Motiveer jou antwoord. (par 1)<br>“Daar is bevind dat ongeveer 30% van matriekleerlinge in 52 skole in Suid-Afrika aktief damprook.” | 2 |
| 1.2 | Kies die korrekte antwoord. Die redes waarom tieners damprook is die volgende: (par 5)<br><br>A nuuskierigheid<br><br>B omdat hulle te veel sakgeld kry<br><br>C om spanning te verlig<br><br>D sosiale druk | 1 |
| 1.3 | Sou jy die **titel** as gepas vir die leesstuk beskou? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 1 |
| 1.4 | Evalueer die betroubaarheid van die **statistiek** in:<br>**1.4.1** paragrawe 1–3<br>**1.4.2** paragraaf 9 | 2 |
| 1.5 | Watter wanpersepsie word deur die bemarkers van damprooktoerusting by die publiek geskep?<br>Haal een sin in paragraaf 10 aan om die teendeel te bewys. | 2 |
| 1.6 | Skryf die **akroniem** KANSA voluit. | 1 |
| 1.7 | Volgens KANSA is damprook nie veilig vir jongmense nie. Teen watter twee ernstige gevolge waarsku KANSA? (par 10) | 2 |
| 1.8 | Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Haal aan om jou antwoord te staaf. (par 1)<br>Daar is ’n uitgebreide studie in Suid-Afrika gedoen oor die gebruik van damprook deur hoërskoolleerlinge. | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | Wat is prof Richard van Zyl-Smit van die Groote Schuur-hospitaal se grootste bekommernis aangaande damprook? (par 4) | 2 |
| 1.10 | Watter skokkende ontdekking het die Big Tobacco Tiny Targets- Suid-Afrikaanse studie in 2023 aan die lig gebring? (par 9) | 1 |
| 1.11 | Noem twee oplossings wat KANSA voorstel om damprook te beperk. (par 12) | 1 |
| 1.12 | Watter afleiding maak jy van die feit dat KANSA se insette hier van toepassing is? Kies die korrekte woord tussen hakies.<br>Damprook en rook kan (diabetes, kanker, artritis, vetsug) veroorsaak. | 1 |
| 1.13 | Wat behels KANSA se aanlyn program? (par 12) | 1 |
| 1.14 | Wat is die wettige ouderdom in Suid-Afrika om damprookprodukte te koop? (par 8) | 1 |
| 1.15 | Haal **ses opeenvolgende woorde** aan om te bewys dat die ouderdomsbeperking nie toegepas word nie. (par 8) | 1 |
| 1.16 | Wat is ironies aan die volgende woorde: "[O]ënskynlik onskuldige, gegeurde damprookprodukte en stylvolle, tegnologie-geïnspireerde ontwerpe [...]." (par 10) | 2 |
| 1.17 | Hoe dra winkels en aanlyn handelaars daartoe by dat jongmense hul gesondheid skade aandoen? (par 8) | 1 |
| 1.18 | Hoe word damprooktoerusting by spazawinkels uitgestal? Wat is die gevolg daarvan? (par 9) | 2 |

**Vrae: Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.19 | Wat sou jy as rede aanvoer waarom **minder gegoede kinders** meer damprook as **meer gegoede kinders** in skole waar die skoolfonds meer as R90 000 per jaar is? | 1 |
| **1.20** | In watter mediese tydskrif het die navorsingsresultate in die visuele teks verskyn? | 1 |

**Vrae: Teks A en teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.21 | Watter verband is daar tussen teks A en B? | 1 |
| 1.22 | Wat is die verskil tussen teks A en B? | 1 |

**Totaal: Afdeling A (30)**

**Afdeling B: Opsomming**

**Vraag 2**

Lees die tydskrifartikel hier onder en maak ’n opsomming van sewe riglyne oor hoe om te eet tydens jou eksamentye sodat jou brein voldoende voeding kry.

**Teks C: Tydskrifartikel**

| | |
|---|---|
| 1. | Jou opsomming moet in jou eie woorde, in duidelike volsinne en in paragraafvorm aangebied word. Dit mag nie meer as **90 woorde** wees nie. |
| 2. | Jy moet **een samehangende paragraaf** skryf. |
| 3. | Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie. |
| 4. | Dui die **aantal woorde** wat jy vir die opsomming gebruik het, onder regs aan. |

# EET JOUSELF SLIM

Het jy al gevoel hoe lomerig en pap jy voel nadat jy ’n sjokolade geëet het? Jy voel of jy net wil lê en het beslis nie genoeg energie om jou Wiskunde te takel vir die eksamen nie. Hoekom voel jy so? Dit is omdat jy jouself ’n suiker-inspuiting gegee het. Hier volg goeie raad ten opsigte van wat om te eet sodat jy ... en jou brein optimaal kan funksioneer tydens eksamentye.

Eerstens moet jy probeer om so ver moontlik net vars kos te eet. Vermy maar liewer verwerkte en gepreserveerde kos, omdat dit te veel suiker bevat. Gemorskos bevat ook heeltemal te veel kleurmiddels.

Sorg ook dat jy genoeg proteïene en vette inkry. Proteïene verbeter jou geheue en vette is die brein se boodskappers. Neute, vleis en olierige vis soos sardientjies behoort daagliks ingeneem te word.

Vermy liewer witbrood en ontbytpap wat nie van hawer of semels gemaak is nie. Die verwerkte koolhidrate soggens is nie goed vir jou nie. Verder moet jy verseker dat jy ’n vullende ontbyt eet, veral as jy ’n lang vraestel gaan skryf. ’n Honger brein kan nie dink nie en jy benodig genoeg energie vir ’n lang tydperk. Eet gerus eier of maalvleis en kaas op volgraan-roosterbrood voordat jy gaan skryf.

Rooivleis, spinasie, lensies, boontjies en neute verskaf yster wat absoluut noodsaaklik is vir breinwerking. Behalwe yster, benodig jou brein ook baie vitamiene C. Goeie bronne daarvan is koejawels, soetrissies, tamaties en sitrusvrugte soos lemoene en nartjies. Eet genoeg daarvan in die plek van lekkergoed en aartappelskyfies.

Ander voedsame peuselhappies terwyl jy studeer, is biltong, neute of kaas.

| |
|---|
| Omdat vitamiene B net so belangrik is vir ’n goeie geheue, behoort jy eiers, lewer, lensies, sojabone en natuurlik vars vrugte en groente te eet.<br><br>Koffie laat jou dalk wakker voel, maar drink liewer water voor en gedurende jou eksamen. Koffie kan jou denkprosesse stadiger laat werk.<br><br>**Bron**: Verwerk uit Netwerk24 |
| **Totaal: Afdeling B (10)** |

**Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**

**Vraag 3: Visuele teks – advertensie**
Bestudeer die advertensie (teks D) en beantwoord die vrae wat volg**.**

**Teks D**

## VERBRUIKERSOPVOEDINGSPROJEK VAN MELK SA
## TIENERS BENODIG MELK

**Wat hulle vandag eet, bepaal hulle môre.**

**Kies slim, kies suiwel, elke dag 1 300 g per dag ... om goed te kan groei.**

**Dit is NOU die tydperk waarin sterk bene, ’n flink verstand en ’n gesonde liggaam gebou word.**

**Neem enige 3–4 porsies van die volgende melk- en suiwelprodukte vir die aanbevole hoeveelheid kalsiuminname per dag:**

**Kaas (40 g kaas: 2 eetlepels, gerasper)**



**Jogurt (200 ml of twee klein houertjies)**



**Melk (250 ml)**



**Suiwelprodukte bevat ook ander voedingstowwe soos proteïne en vitamiene B12 wat gesonde senuweeselle bou.**

www.rediscoverdairy.co.za

**Bron**: Verwerk uit Netwerk24

**Vrae: Teks D**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Wie is die teikengroep vir bogenoemde advertensie? | 1 |
| 3.2 | Noem twee aspekte waarmee die adverteerder jou aandag getrek het. | 2 |
| 3.3 | Met watter **skryfteken** sal jy die volgende sin kan verbeter?<br>"Dit is NOU die tydperk waarin sterk bene, 'n flink verstand en 'n gesonde liggaam gebou word." | 1 |
| 3.4 | Benoem die **woordsoort** van die onderstreepte woord.<br>Kaas (40 g kaas: 2 <u>eetlepels</u>, gerasper) | 1 |
| 3.5 | Skryf die **enkelvoud** van "voedingstowwe" neer. | 1 |
| 3.6 | Benoem die **onderstreepte bepaling**:<br>"Neem enige 3–4 porsies van die volgende melk- en suiwelprodukte vir die aanbevole hoeveelheid kalsiuminname <u>per dag</u>." | 1 |
| 3.7 | Skryf oor in die **lydende vorm**:<br>"Neem enige 3–4 porsies van die volgende melk- en suiwelprodukte vir die aanbevole hoeveelheid kalsiuminname per dag." | 1 |
| 3.8 | Verbeter die **spelfout** in die volgende stelling:<br>"Suiwelprodukte bevat ook ander voedingstowwe soos proteïne en vitamiene B12 wat gesonde senuweeselle bou." | 1 |
| 3.9 | Watter woord is deur die **koppelteken** vervang?<br>"melk- en suiwelprodukte" | 1 |
| | | **(10)** |

**Vraag 4: Strokiesprent**

Bestudeer die strokiesprent (teks E) en beantwoord die vrae wat volg.

**Teks E**

# Strokiesprent: 'n Slim idee om boelies te laat skrik ...




**Bron**: Canva

**Vrae: Teks E**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Vervang die **slengwoord** in raampie 1 met ’n Standaardafrikaanse woord. | 1 |
| 4.2 | Wat lei jy af van die seun wat geboelie word, se **lyftaal** in raampies 1 en 2? | 1 |
| 4.3 | Word die woorde in die geboeliede seun se gedagtes in raampie 1 **letterlik** of **figuurlik** bedoel? Waarom sê jy so? | 2 |
| 4.4 | Beskryf die boelie se **lyftaal**. | 1 |
| 4.5 | Waaraan troos die geboeliede seun hom in raampie 3? Begin so: Hy troos hom daaraan dat __________________ . | 1 |
| 4.6 | Wat dink jy van die geboeliede seun se plan om een van die omstanders te vra om die onderwyser te gaan roep? | 1 |
| 4.7 | Benoem die **woordsoort** “hier” in raampie 1. | 1 |
| 4.8 | Benoem die **sinsoort** in raampie 4. | 1 |
| 4.9 | Skryf die volgende sin oor in die **indirekte rede**. Begin so: Die geboeliede seun vra Leonard __________________. (raampie 4) | 1 |
| 4.10 | Wat lei jy af uit die **gesigsuitdrukkings** van die omstanders in raampie 2? | 1 |
| | | **[10]** |

**Vraag 5: Tydskrifartikel**

Bestudeer die tydskrifartikel (teks F) en beantwoord die vrae wat volg:

**Teks F**

# Tieneruitbranding

Waar eindig gesonde motivering en waar begin te veel druk op die tiener? Daar is ’n fyn lyn tussen ouers en onderwysers se **(5.1) aanmoediging** om die tiener te help om sy volle potensiaal te bereik en prestasiedruk wat die tiener uitgebrand laat voel.

Ouers en onderwysers bedoel altyd goed om tieners aan te moedig om te presteer, maar hulle moet waak daarteen om die tiener nie onder soveel spanning te plaas dat die tiener voel **(5.2) hy is nie goed genoeg nie**. Dis goed en wel om te presteer om ’n goeie kandidaat te wees vir een of ander **(5.3) gesogte** beurs vir tersiêre onderrig, maar dit plaas die tiener onder geweldige fisiese en emosionele druk.

**(5.4) Die prestasievlam word gestook sodat die vuur hoër brand, maar onthou, as die hout opraak, kan die vuur uitbrand** ... Bowendien word almal se prestasies deesdae op sosiale media vertoon, **(5.5) dus** kan mens dit nie juis miskyk nie.

Indien die kind wel die uitsonderlike vermoëns het, kan hy ’n hoë vlak van prestasie bereik, soos A-simbole in al sy vakke, of om aan ’n **(5.6) internationale** kultuur- of sportkompetisie deel te neem. Indien hy egter nie suksesvol is nie, kan die gevolge noodlottig wees. Gevaarlike angsvlakke, depressie, asook dwelm- of drankmisbruik is dikwels die gevolg daarvan. Laasgenoemde probleme is aansienlik hoër by

uitblinkers as by kinders wat gemiddeld presteer. Uitermate prestasiedruk kan selfs tot selfdood lei.

Medaljes en trofeë is nie alles nie. Jennifer Breheny, skrywer van die topverkoperboek **(5.7)** ***Never enough: when achievement culture becomes toxic and what we can do about it,*** waarsku dat ons nie by ons kinders die idee moet tuisbring dat hulle moet presteer om saak te maak nie.

Ouers se **(5.8) ego's** en drome, onderwysers se najaag van onderskeidings, skole se obsessie met aansien in die samelewing, asook die samelewing en portuurgroepe se verheerliking van presteerders plaas geweldige druk op kinders om te presteer. Hulle kry naderhand die boodskap dat hulle nie mag rus nie. As die **(5.9) stressore** net al meer en meer word, dan **(5.10) stort** die kinders ineen. Dis wanneer uitbranding plaasvind.

**Bron**: Verwerk uit *Taalgenoot* Somer 2025

**Teks F:**
**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Skryf 'n **antoniem** vir aanmoediging neer. | 1 |
| 5.2 | Gee een woord vir "**hy is nie goed genoeg nie**". | 1 |
| 5.3 | Dui die **stam** van die woord "gesogte" aan. | 1 |
| 5.4 | Word die vetgedrukte woorde **letterlik** of **figuurlik** bedoel? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 1 |
| 5.5 | Benoem die vetgedrukte **woordsoort**. | 1 |
| 5.6 | Verbeter die **spelling** van die vetgedrukte woord. | 1 |
| 5.7 | Waarom is die vetgedrukte woorde **skuinsgedruk**? | 1 |
| 5.8 | Wat is die funksie van die -s van die **vetgedrukte woord**? | 1 |
| 5.9 | Kies die korrekte antwoord. "Stressore" is 'n voorbeeld van:<br>A Leenwoorde<br>B Nuutskepping<br>C Anglisisme<br>D Neologisme | 1 |
| 5.10 | Gebruik die **homoniem** van die vetgedrukte woord en skryf 'n sin neer waaruit die betekenis van die woord duidelik blyk. | 1 |
| | | **(10)** |

**Totaal: Afdeling C (30)**
**Groottotaal: 70**